

Donderdag 12 Januarie

Skrifgedeelte: Romeine 8:1-17

Fokusgedeelte: Romeine 8:9b (AFR53)

Sonder die Heilige Gees geen band met Christus nie

In ons geloof is die werk van die Heilige Gees onmisbaar. Hierdie Skrifgedeelte beskryf belangrike fasette van die Heilige Gees se werk in ons verlossing, dit wat Hy in en met die mense doen wat deur die Vader uitverkies is en vir wie die Seun sy lewe hier op aarde gegee het.

Hy laat mense (byvoorbeeld) geestelike dinge dink in plaas van sondige dinge (vs 5). Hy laat hulle die sonde wat daar nog in hulle is, doodmaak (vs 13). Hy lei hulle om dié soort lewe wat Hy by ons wil hê (bv. Gal. 5:22), te lewe (vs 14). Hy oortuig die gelowiges dat hulle nou kinders van God is, vir wie die ewige heerlikheid wag (vs 16). Hy vat hulle vrees vir God se oordeel oor hulle sondes weg en gee vir hulle die vrymoedigheid om God as Vader aan te roep (vs 15). Hy laat hulle dus die goeie werke doen waarsonder die geloof van mense 'n dooie geloof is, soos wat 'n liggaam sonder 'n gees 'n lyk is (Jak. 2:26).

Hy is só onmisbaar dat as 'n mens Hom nie het nie – as Hy nie in jou woon en werk nie – dan behoort jy nie aan Christus nie en is jy dus nie 'n kind van God nie.

Mense wat amper nooit oor geestelike dinge dink nie, nie die sondes in hulle lewe bestry nie, nie enige tekens van die vrug van die Gees in hulle lewens wys nie, nog bang is vir God se oordele, huiwerig is om God as Vader aan te roep, kan hulleself dus nie sonder meer gelowiges noem nie.

Soveel te meer rede om te bly smEEK dat die Gees van God in ons sal woon en werk, sodat ons sal glo en nuut sal lewe.

Sing: Skrifberyming 8-1 (14):1, 2

Ds. SD Snyman (Danie) (emeritus)